Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

SPESIALE NUUSBRIEF 25/06 2021

Geagte Ouers/Voogde

1. **<u>Vroeë skoolsluiting - Maandag, 28 Junie</u>:**
   Die personeel van HS McLachlan word op Maandag, 28 Junie, ingeënt en is ons dus genoodsaak om die skool 10:00 te sluit. Reëlings is as volg:
   - Die volgende leerders het nie skool nie:
     - LSOB-leerders
     - Gr. 1- tot 3-leerders
     - Gr. 10- tot 12-leerders **wat nie toets skryf nie**.
   - Gr. 4- tot 12-leerders kom skool toe om toets te skryf.
   - Die skool sluit om **10:00** vir die leerders. Roetebusse vertrek direk daarna.

   Jammer vir enige ongerief.

2. **<u>VRL – Virtuele Talentkompetisie</u>:**
   Die VRL bied ‘n virtuele talentkompetisie van sang, dans, voordrag, groepsdanse, instrumente, ens. aan vir die laerskool- en hoërskoolleerders van Mei tot einde Junie aan. Daar is pryse vir elke ouderdomsgroep en kategorie.

   Leerders moet net self ‘n selfoonopname van hulle inskrywing maak en instuur na die virtuele beoordelingspaneel van die VRL-leiers. Inskrywingvorms met ‘n R15-inskrywingsfooi kan by Johan Strydom (hoofleier) en Miencke Strydom (gr. 10 VRL-lid) ingegee word.

   Whatsapp jou inskrywing dan na 065 9680 626. Wenners sal op 5 Julie bekend gemaak word.

3. Ons innige simpatie aan mnr. Jan Schoeman, voorsitter van die beheerliggaam, met die skielike heengaan van sy broer. Ons dra julle in gebed aan ons Hemelse Vader op.

S. Pienaar

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Fax: +27 (0) 42 273 1210